**Skriflesing:** Psalm 103
**Tema:** Groot liefde lei tot groot lof!

Billy Graham het die volgende gesê: "Daar is meer vreugde in die swaai van my hond se stert as op die gesigte van baie Christene."

Wanneer ek na my eie lewe kyk, is dit ongelukkig soms waar, veral vroeg in die oggend. Die diepgaande alles meesleurende vreugde van die psalmskrywer is baiekeer by ons afwesig.
Ons kan 'n paar redes hiervoor aanvoer. Ons vreugde word deur die moeilike wêreld waarin ons leef, gesteel. Of dit kan wees dat die grootheid van God se vergifnis vir 'n eens verlore sondaar soos ek nog nie in my lewe 'n werklikheid is nie. Die laaste, en mees waarskynlik belangrikste rede, is dat ek gewoond geraak het aan die groot liefde en omgee van God. Ek het gewoond geraak aan die leë kruis en graf, aan die brood en wyn vanoggend by nagmaal. Daarom vul hierdie dinge my nie meer met vreugde nie.

Ons word in Psalm 103 uitgenooi om, saam met die Psalmskrywer weer die Here te loof met alles wat binne-in ons is. Letterlik staan hier dat ons Hom met ons binnegoed, ons gedagtes, emosies en hele menswees moet loof.

Ons loof die Here vir wie Hy is en wat Hy vir ons doen, terwyl ons niks hiervan verdien nie.

Die eienskap van God wat die meeste besing word, is sy groot liefde. Dit is Hy wat ons sonde vergewe. Hy genees en beskerming ons van die dood. Hy het ons sonde en dood oorwin en laat ons vir ewig deel in sy oorwinning.

'n Kroon sê dat iemand belangrik en spesiaal is. 'n Kroon is ook iets wat gesien kan word. God kroon ons as Sy kinders met Sy troue liefde en ontferming. Ons is vir Hom spesiaal en Sy liefde en trou word in en deur ons sigbaar.

Die Here doen wat reg is en handhaaf die reg, in die eerste plek vir almal wat verdruk word. Hy sê self in Luk 4:18-19: "Die Gees van die Here is op My omdat Hy My gesalf het om die evangelie aan armes te verkondig. Hy het My gestuur om vrylating vir gevangenes uit te roep en herstel van gesig vir blindes, om onderdruktes in vryheid uit te stuur, om die genadejaar van die Here aan te kondig."

Die Here het elkeen van ons groot lief en maak God se liefdeshart vir ons, aan ons bekend. Dit is ook die boodskap van nagmaal: "God het die wêreld so liefgehad dat Hy sy enigste Seun gegee het, sodat dié wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie maar die ewige lewe sal hê. God het nie sy Seun na die wêreld toe gestuur om die wêreld te veroordeel nie, maar sodat die wêreld deur Hom gered kan word." (Johannes 3:16)

In Psalm 103:8 lees ons: "Barmhartig en genadig is die Here, lankmoedig en vol liefde." Die verse wat hierop volg, lê hierdie vier eienskappe van God verder uit, al is dit met ander woorde.

Die Here is barmhartig: Die Here beskuldig nie vir ewig nie en koester nie vir altyd wraak nie.

Die Here is genadig. Hy tree nie teenoor my op op grond van wat ek verkeerd gedoen het nie, maar op grond van die verlossing wat daar in Jesus Christus is. Sy troue liefde vir ons, is soveel groter as ons sonde en sondeskuld.

Sy liefde is so groot as die afstand tussen hemel en aarde. Daarom verwyder Hy ons oortredinge ligjare van ons af weg.

Here is geduldig: Hy ontferm Hom oor ons soos ’n vader oor sy kinders, ten spyte daarvan dat ons verganklik is. Ons is soos gras of ’n veldblom wat gou vergaan. In kontras met ons verganklikheid is sy liefde vir ons onverganklik.

Here neem ons kinders en dié se kinders in sy sorg.

Die persoonlike en gesamentlike lofprysing vir Here en sy liefde breek uit in in ’n universele lofprysing. Ook die hemelse wesens word in Psalm 103:19-22 opgeroep tot lofprysing. Elke stem wat Here loof, vloei saam om ‘n massakoor tot sy eer te vorm.

Nou kan jy hierdie boodskap hoor en met jouself ‘n motiveringspraatjie hou. Dit is immers ons as Christene se plig om bietjie meer vreugde en lof te vertoon. Jy kan besluit om beter te doen. “Wanneer ons weer saamsing, gaan ek dit met meer oorgawe doen. Ek wil deel wees van die massakoor.” Maar hierdie besluit gaan nie werk nie, want lof is nie ‘n kop of selfs ‘n stem ding nie, dit is ‘n hart ding.

Daar is ‘n duidelike verband tussen toewyding aan die Here en vreugde in die Here. Of makliker gestel, Sy groot liefde word sigbaar en hoorbaar in my lewe eers wanneer ek Hom ook groot liefhet.

Daar is net een manier om die koudheid en gebrek aan vreugde in ons te verander en dit is om daagliks hoe langer hoe meer ons lewens aan Hom oor te gee.
Wie Hy is kan ons in die Bybel en baie ander boeke lees. Ons kan dit hoor, bedink, bespreek en leer. Maar die groot liefde en ontferming van die Here word slegs ervaar deur mense wat Hom dien.

Dit is in toewyding aan die Here dat die erns van sonde en die grootheid van die vergifnis daarvan ‘n werklikheid word en dít lei tot spontane lof.

Ek kan duisende boodskappe hieroor hoor en aan elke nagmaal deelneem, maar dit is eers wanneer ek in lewensoorgawe kniel voor die kruis dat ek iets sal beleef van die Here se groot liefde en saam met die Psalm skrywer nie anders kan as om te antwoord daarop nie: “Ek wil die Here loof met alles wat in my is, wil ek sy heilige Naam loof!”
Amen